IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA /ES

(NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA)

SAAK NO: 44223/07

DATUM: 27/3/2009

NIE RAPPORTEERBAAR

IN DIE SAAK TUSSEN

DIE PROKUREURSORDE VAN DIE NOORDELIKE PROVINSIES APPLIKANT
(Ingelyf as die Prokureursorde van Transvaal)

EN

YOLANDI VAN ZWEEL RESPONDENT

---

UITSPRAAK

PRINSLOO, R

[1] Die applikant doen aansoek vir die skrapping van die respondent se naam van die rol van prokureurs van hierdie Hof.

Die aansoek is geskoei op die voorskrifte van artikel 22(1)(d) van die Wet op Prokureurs, Wet 53 van 1979 ("die Wet").

[2] Die tersaaklike deel van artikel 22 van die Wet lees soos volg:

> "22. Iemand wat as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, kan deur die hof binne wie se regsgebied hy praktiseer van die rol geskrap of in sy praktyk geskors word op aansoek van 'n betrokke orde –
>
> (a) …
>
> (b) …
>
> (c) …
>
> (d) indien die hof oortuig is dat hy nie 'n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie."

[3] Die applikant voer aan dat die respondent haar skuldig gemaak het aan onprofessionele, oneerbare en onbetaamlike gedrag van so aard dat dit 'n gepaste geval is waar haar naam van die rol geskrap behoort te word. Dit blyk uit die aanhef van artikel 22 dat die Hof 'n diskresie het om óf die prokureur se naam van die rol te skrap óf die prokureur in sy praktyk te skors.

[4] Alhoewel die respondent, tereg, toegee dat sy haar aan onbetaamlike gedrag skuldig gemaak het, voer sy aan dat die skrapping van haar naam van die rol van prokureurs nie die mees gepaste straf in hierdie besondere omstandighede sou wees nie.

[5] Voor ons het mnr Van Kerken vir die applikant verskyn, en mnr Botha vir die respondent.

Die applikant

[6] Die applikant, as Prokureursorde, is 'n statutêre beroepsliggaam wat reeds aan die einde van die negentiende eeu sy beslag gekry het maar tans bestaan ingevolge die bepalings van artikel 56 van die Wet.

[7] Ingevolge artikel 60 word die sake van die applikant bestuur en beheer deur 'n Raad wat die bevoegdhede van die applikant (die 0rde) kan uitoefen ("die Raad").

[8] Die doelstellings en bevoegdhede van die Prokureursorde word breedvoerig in die Wet uiteengesit en behels, onder andere, doelwitte om die prestige, status en waardigheid van die beroep te onderhou en te bevorder, die integriteit van praktisyns te handhaaf en voorsiening te maak vir die doeltreffende beheer oor die professionele gedrag van praktisyns.

Die respondent

[9] Die respondent is op 1 September 1979 gebore, en is tans 29 jaar oud. Sy is getroud sedert die voorval plaasgevind het wat aanleiding gegee het tot hierdie aansoek.

[10] Die respondent is op 20 0ktober 2003 deur hierdie Hof as 'n prokureur toegelaat en haar naam verskyn steeds op die rol van praktiserende prokureurs.

[11] Volgens haar opponerende eedsverklaring, praktiseer die respondent vir 'n geruime tyd nie meer as 'n prokureur nie. Sedert ongeveer Augustus 2007 werk sy as regsadviseur by 'n bekende mediese fonds. Sy sê in haar verklaring dat sy vanaf Junie 2007 "geensins meer as prokureur van hierdie agbare hof gepraktiseer het nie". Sy gee nie 'n duidelike aanduiding of sy van plan is om weer te begin praktiseer nie, en, indien wel, wanneer sy dit sou wou doen nie.

[12] Die respondent het 'n baie indrukwekkende *curriculum vitae* by haar eedsverklaring aangeheg. Sy het vyf onderskeidings in matriek behaal en ook haar LL.B graad met lof geslaag by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër 0nderwys.

[13] Die respondent het onteenseglike leierseienskappe. Sy was die onder-hoofdogter van haar skool in Potchefstroom en het ook op verskeie komitees gedien terwyl sy op universiteit was. Sy het op skool en op universiteit verskeie prestige toekennings ontvang. In 2001 was sy die beste student van die jaar op universiteit. Ironies genoeg, het die huidige applikant, as Prokureursorde, ook toekennings aan die respondent gemaak in 2002, onder andere as die beste student en die beste kandidaat prokureur. In 2001 was sy ook 'n uitruil-student en in daardie hoedanigheid het sy in Amsterdam opleiding ontvang.

[14] Wat haar werksgeskiedenis betref, het die respondent vanaf Junie 2002 tot April 2004 vir 'n prokureursfirma in Pretoria gewerk. Vanaf Mei 2004 tot Augustus

2005 (die tyd toe sy die gewraakte oortredings begaan het) het die respondent vir 'n prokureursfirma, Wessels & Genote, in Johannesburg gewerk.

Vanaf 1 September 2005 tot einde Desember 2005 was sy weer 'n regsadviseur in Johannesburg en vanaf Januarie 2006 tot Junie 2007 was sy weer by 'n prokureursfirma werksaam. Dit was ook in Johannesburg. Sedert Augustus 2007 werk sy vir die mediese fonds, soos ek genoem het.

Die oortredings wat die respondent ten laste gelê word, en wat aanleiding gegee het tot hierdie aansoek

[15] Die feite is, vir praktiese doeleindes, nie in geskil nie. Ek voeg egter by dat van die fynere besonderhede, ten opsigte van sekere aspekte, ietwat vaag is.

[16] Volgens die respondent se eie relaas, vervat in 'n skrywe wat sy op 2 September 2005 aan die applikant gerig het, in antwoord op laasgenoemde se navraag, het die respondent, waar sy sedert 1 Mei 2004 werksaam was as 'n professionele assistant by Wessels & Genote, grotendeels "versekeringsreg" sake hanteer. Daar was egter op 'n ongereelde basis instruksies ontvang om toe te sien tot die registrasie van aktes. Hierdie opdragte is dan na 'n ander firma gestuur om die nodige te doen ten aansien van die opstel van dokumente en registrasie van die oordrag van die eiendom.

[17] Dit blyk dat 'n gedeelte van die registrasie fooie dan oorbetaal is aan die respondent se werkgewer se firma.

[18] Volgens die respondent het sy merendeels toegesien dat die lêers by die aktevervaardiger afgegee word. Gedurende die loop van Julie 2005 is 'n opdrag ontvang van 'n prokureur in Pretoria. Hy wou 'n transportakte by die Aktekantoor in Johannesburg laat indien.

[19] Wat verder gebeur het, vind ek in sekere opsigte ietwat moeilik om te volg uit die respondent se skrywe, maar dit kom daarop neer dat sy toegesien het dat die dokumente by die kantoor van Aktes ingedien word deur 'n sogenaamde "prep-klerk". Die Registrateur van Aktes het die dokumente verwerp aangesien regstellings gemaak moes word. Die dokumente is toe teruggestuur na die Pretoriase korrespondent wat die foute reggemaak het. Die respondent het toe weer die dokumente vir die "prep-klerk" gegee om weer in te dien. Daarna het die "prep-klerk" die respondent telefonies geskakel, meegedeel dat die dokumente nou in orde is en haar versoek om die volgende dag by die kantoor van Aktes aan te meld. Aldaar het die "prep-klerk" die respondent na 'n sekere dame geneem "vermoedelik 'n prep-klerk of 'n aktevervaardiger" wat verskeie dokumente by haar gehad het en vir die respondent gevra het om op die voorblad van die "omslag" te teken wat sy sonder om te skroom gedoen het. Sy het deur die bundel dokumente gegaan en ook haar handtekening op 'n ander dokument binne in die bundel aangebring. Die dame het toe die dokumente vir die respondent gegee en

haar 'n toonbank gewys waar die dokumente ingedien moes word. Volgens die respondent was sy nog nooit tevore binne in die Johannesburgse Aktekantoor nie en was sy onder die indruk dat die Pretoriase prokureur "geskakel sal word om voor die Registrateur te verskyn ten einde die dokumente te registreer". Sy het dus nie besef, toe sy die dokumente geteken het, dat sy inderwaarheid die akte uitgevoer het nie.

[20] Haar werkgewer, mnr Wessels, wat aanvanklik die saak by die applikant aangemeld het, is toe gevra om op hierdie relaas van die respondent kommentaar te lewer. Volgens sy brief, blyk dit dat hy, kort nadat die respondent die akte uitgevoer het, 'n oproep van 'n aktevervaardiger, me Kripotos, ontvang het. Me Kripotos is die akte uitmaker wat soms vir mnr Wessels aktes uitvoer. Volgens me Kripotos het sy 'n gesprek met die Registrateur van Aktes, Johannesburg, gehad waartydens laasgenoemde haar meegedeel het dat die respondent se naam nie op die lys van aktevervaardigers vir die Johannesburgse kantoor verskyn nie en die Registrateur wou weet of die respondent inderdaad 'n aktevervaardiger is.

[21] Mnr Wessels het die respondent met hierdie vraag gekonfronteer waarop sy bevestigend geantwoord het. Tydens die dissiplinêre ondersoek wat die applikant van stapel gestuur het, en waartydens die respondent getuig het, het sy ook bevestig dat sy vir mnr Wessels gesê het dat sy wel 'n aktevervaardiger is.

[22] Mnr Wessels het die respondent toe gevra om die hofbevel, waarkragtens sy toegelaat is as 'n aktevervaardiger, aan hom te toon. Dit blyk uit die CV, waarna ek verwys het, en wat ook aan prokureur Wessels getoon is tydens die aanstelling van die respondent, dat sy 'n "conveyancing course" bygewoon het.

[23] Nietemin het die respondent toe aan mnr Wessels die betrokke hofbevel getoon wat hy aanvaar het "as die ware Jakob". Hy het me Kripotos dienooreenkomstig ingelig en laasgenoemde het gevra dat die respondent die formaliteite wat nodig mag wees by die Johannesburgse Aktekantoor met die Registrateur van Aktes nagaan en afhandel. 0ngeveer 'n week later het die respondent vir mnr Wessels meegedeel dat sy nou amptelik op die lys van aktevervaardigers is.

[24] In sy brief sê mnr Wessels ook vir die applikant dat hy van meet af onder die indruk was dat die respondent 'n aktevervaardiger is. Die redes hiervoor was die feit dat haar CV na die aktes kursus verwys en, baie belangrik, "vanaf omtrent Maart 2005 het sy volgens my inligting, op ons briefhoof agter haar naam die woord 'Conveyancer' ingevoeg".

Hierdie invoeging van die woord "Conveyancer" sou dus etlike maande voor die "uitvoering" van die akte namens die Pretoriase korrespondent geskied het. Laasgenoemde voorval het eers in Julie 2005 plaasgevind.

Ek voeg by dat dit duidelik blyk uit die briefhoof wat mnr Wessels gebruik het toe hy op 17 Augustus 2005 aan die applikant geskryf het om die saak te rapporteer dat die naam "Yolandi van Zweel LL.B (conveyancer)" duidelik op die briefhoof pryk.

[25] Die probleem is egter die volgende: die "hofbevel" wat die respondent aan mnr Wessels getoon het, en ongetwyfeld ook later aan die Registrateur van Aktes, is nie 'n wettige hofbevel nie. Dit is 'n hofbevel wat die respondent, op haar eie bekentenis, blatant vervals het.

Wat kennelik gebeur het is dat die respondent die vervalsing bewerkstellig het deur gebruik te maak van die hofbevel van 16 0ktober 2003 wat uitgereik is nadat sy deur hierdie hof as 'n prokureur toegelaat is. Die vervalsing is 'n replika van die eersgenoemde bevel behalwe dat sy die woord "prokureur" vervang het met die woord "aktevervaardiger". Die datum het sy ook verander van 16 0ktober 2003 na 20 November 2003 en die saaknommer het sy verander van 25380/2003 na 25400/2003. Die name van dieselfde regters wat haar as 'n prokureur toegelaat het verskyn steeds op die vervalste hofbevel. Die hofrol vir 20 November 2003 bevat net die name van drie praktisyns wat daardie dag toegelaat is en dit sluit nie die naam van die respondent in nie. Die saaknommer wat die respondent op die vervalste hofbevel aangebring het is dié van heeltemal 'n ander saak naamlik *Standard Bank v Letageng*.

[26] Die vervalsing moes met 'n mate van beplanning en vernuf gepaard gegaan het: die handtekening van die griffier en selfs die ampseël bly natuurlik ongeskonde op die vervalsing nadat die ander besonderhede, waarna ek verwys het, vervang is. Dit blyk dat die respondent nooit die oorspronklike (blou) dokument te voorskyn kon haal nie, maar dat die afskrifte wat sy vervaardig het oortuigend genoeg was om mnr Wessels en die Registrateur om die bos te lei.

[27] In haar genoemde skrywe, wat die respondent aan die applikant gerig het om kommentaar op laasgenoemde se navraag te lewer, sê sy die volgende nadat sy verduidelik het hoe sy die akte "uitgevoer het":

> "3.16 Gedurende die eerste week van Augustus 2005 het my voormalige werkgewer, mnr Erich Wessels, my gekonfronteer en gevra of ek 'n aktevervaardiger is. Ek het beaam dat ek wel 'n aktevervaardiger is.
>
> 3.17 Mnr Wessels het my gevra om 'n sertifikaat aan hom te toon. Tot my spyt het ek later daardie dag in 'n ondeurdagte oomblik die 'sertifikaat' waarna u verwys in u skrywe van 22 Augustus 2005 aan hom getoon."

[28] Mnr Wessels, tot sy krediet, het toe agter die kap van die byl gekom nadat hy die saak verder ondersoek het. Hy sê die volgende in sy brief van 17 Augustus 2005 waarin hy die saak aan die applikant rapporteer vir verdere ondersoek:

"According to a court order dated 20 November 2003 attached hereto, it appears that Ms Van Zweel was admitted as a conveyancer under case number 25400/2003. She was placed on the Roll of Conveyancers in the Johannesburg Deeds 0ffice on 2 August 2005 (confirmed on even date by 'Annette' at 011-3782224) and has presumably since been executing Deeds.

We have been reliably informed that to date Ms Van Zweel has failed to pass the conveyancers examination (confirmed on even date by your Ms Dirkie Barkhuizen).

According to your Ms Bulelwa to date no application for admission as a conveyancer has been served on your offices.

Upon further investigation by our offices, it was confirmed by an employee at the High Court of South Africa (TPD) that the parties involved in the above case number 25400/2003 are in fact Standard Bank …"

[29] Teen hierdie agtergrond sal ek poog om die misstappe wat die respondent ten laste gelê word soos volg saam te vat:

1. Sy het oogluikend toegelaat dat haar naam vir etlike maande op die firma se briefhoof verskyn met die titel "conveyancer" daar agter. Sy het geweet

dat sy nie 'n akte uitmaker is nie. In die loop van haar werksaamhede moes sy letterlik dosyne, dalk honderde, briefhoofde hanteer het met hierdie vals kennisgewing daarop. Sy het niks gedoen om dit reg te stel nie. Tydens die dissiplinêre verrigtinge wat deur 'n dissiplinêre komitee van die applikant hanteer is, en waartydens die respondent getuig het, is sy oor hierdie verskynsel gekruisvra. Haar antwoorde op die betrokke vrae was, om die minste te sê, onoortuigend. Sy het eers probeer verduidelik dat daar eers 'n ander aktevervaardiger by die firma was en toe sy naam, met sy vertrek, van die briefhoof verwyder is, het daar moontlik 'n fout ingetree wat die gevolg gehad het dat die beskrywing "conveyancer" agter die respondent se naam gebly het. Later, na verdere kruisondervraging, het sy gesê sy weet nie hoe dit gekom het dat die "conveyancer" agter haar naam geplaas is nie. Soos ek reeds vermeld het, het mnr Wessels, in sy brief aan die applikant, die volgende gesê:

> "Vanaf omtrent Maart 2005 het sy volgens my inligting op ons briefhoof agter haar naam die woord 'conveyancer' ingevoeg."

Daar is ook ander vae stellings gemaak tot die effek dat daar moontlik 'n fout kon ingetree het toe die briefhoofde met 'n rekenaar saamgestel is. Die feit bly staan dat die respondent vir etlike maande geweet het dat daar 'n valse voorstelling op die briefhoof verskyn en sy het nie 'n vinger verroer om dit reg te stel nie. Myns insiens kom dit neer op oneerlike en onbetaamlike gedrag wat nie tuishoort by 'n prokureur nie.

2. Sy het 'n akte uitgevoer terwyl sy geweet het dat sy nie 'n akte uitmaker is nie. Haar verduideliking van hoe dit gebeur het, waarna ek reeds verwys het, vind ek ewe onoortuigend. Tydens die dissiplinêre verhoor het die respondent toegegee dat sy alreeds die akte eksamen geskryf en gedruip het voordat hierdie akte deur haar "uitgevoer" is. 0p die oorweldigende waarskynlikhede moes sy, myns insiens, besef het dat sy nie veronderstel was om die dokument te teken nie. Ek sê dit veral teen die agtergrond van haar onteenseglike hoë intellek en akademiese prestasies.

Myns insiens moet hierdie "uitvoering" van die akte ook gesien word teen die agtergrond van die feit dat sy vir etlike maande toegelaat het dat sy op die briefhoof beskryf word as 'n "conveyancer". Die enigste redelike afleiding, na my mening, is dat sy nie die beskrywing om dowe neute op die briefhoof laat bly het nie en waarskynlik een of ander tyd van hierdie "kwalifikasie" gebruik sou wou maak in die praktyk. Dit het sy wel gedoen.

3. Sy het valslik teenoor minstens mnr Wessels en die Registrateur van Aktes verklaar dat sy 'n akte uitmaker is terwyl sy geweet het dat dit nie die geval is nie. Dit sluit aan by die wanvoorstelling op die briefhoof. In daardie sin het die valse voorstelling oor 'n tydperk van maande

voortgeduur. Eweneens beskou ek dit as onbetaamlike en oneerlike gedrag wat nie tuishoort by 'n prokureur nie.

4. 0m alles te kroon, het sy 'n bevel van hierdie hof vervals. Sy het dit gedoen met die doel om nie alleen haar werkgewer nie, maar ook die Registrateur van Aktes te mislei. Deur die Registrateur te mislei, het sy toegesien dat haar naam op die lys van akte uitmakers by die Johannesburgse Aktekantoor gevoeg word. Sy het eers skuld beken toe sy gekonfronteer is met die vals hofbevel. Die vraag bly staan of sy met die sak patats na vore sou kom as sy nie uitgevang is nie.

Deur die hofbevel te vervals, het die respondent haar nie alleen skuldig gemaak aan 'n misdaad nie, maar aan skreiende oneerlikheid wat, myns insiens, nie deur hierdie hof gedoog kan word in 'n ondersoek van hierdie aard nie.

<u>Enkele opmerkings oor die optrede van die respondent</u>

[30] Die hoof tema van die respondent se saak tydens die dissiplinêre ondersoek, en ook in haar opponerende eedsverklaring, is dat sy opgetree het in "'n oomblik van waansin", dat dit 'n eenmalige voorval was en dat daar nie 'n gevaar bestaan dat sy hierdie gedrag sal herhaal nie.

[31] Die respondent sê die volgende tydens die dissiplinêre verhoor:

"Ja, die akte is derhalwe verwerp.  Daar is vrae gevra daaroor en mnr Wessels het vir my gevra of gesê van die probleem, die akte is geteken deur my.  Ek was geskok en ek het onmiddellik gevoel iets is verkeerd en ja, ek het gereageer op daardie vrees van my om in die moeilikheid te wees en dat ek 'n fout begaan het en dat ek die reputasie van die firma skade aandoen, my eie reputasie ongelooflike skade aandoen en ook van 'n aktevervaardiger wat al jare lank werk doen in die Aktekantoor, aangesien die akte ingedien is onder Kripotos prokureurs en dit 'n merk los op hulle naam ook en dit is wat aanleiding gegee het tot hierdie dokument wat vervals is.

MNR MAKOBE:  So toe mnr Wessels nou u daarop gewys het, het u maar die dokument vervals, die hofbevel of op watter stadium het u die hofbevel dat u 'n aktevervaardiger is, vervals?

Me VAN ZWEEL:  0p daardie stadium

MNR MAKOBE:  0p daardie stadium.  Waarom?

Me VAN ZWEEL:  Ek het nie geweet hoe anders om die probleem op te los nie.

MNR MAKOBE:  So u het nou voorgegee aan Wessels dat u inderdaad 'n aktevervaardiger is?

Me VAN ZWEEL:  Ja."

[32] Teen die agtergrond van die feite van die saak, soos ek dit geskets het, vind ek dit moeilik om hierdie getuienis van die respondent eenvoudig te aanvaar: in haar

brief aan die applikant in antwoord op die uitnodiging om haar gedrag te verduidelik, die inhoud waarvan ek volledig na verwys het, gaan die respondent uit haar pad om te verduidelik hoe sy 'n *bona fide* fout gemaak het toe sy die akte dokumente saam met die prep-klerk en die ander dame by die kantoor van Aktes onderteken het. Sy verduidelik hoe sy glad nie besef het dat sy 'n fout begaan nie. As sy agterna, volgens haar, deur mnr Wessels gekonfronteer is met die feit dat sy bloot die dokumente geteken het, is dit moeilik om te verstaan waarom sy nie net verduidelik het dat dit 'n *bona fide* fout was sodat die akte reggestel kon word en weer ingedien kon word nie. Daar is myns insiens geen aanvaarbare verduideliking vir haar drastiese optrede om vol te hou daarmee dat sy 'n akte uitmaker is en om bowenal die hofbevel te vervals om hierdie valsheid verder te probeer onderskraag nie.

[33] Wanneer die applikant in sy funderende eedsverklaring beweer dat die respondent se handelinge sekere persoonlikheidsgebreke openbaar, reageer sy soos volg in die opponerende verklaring:

> "Ek word egter deur my regsadviseurs adviseer, welke advies ek aanvaar, dat die applikant se stelling dat my gedrag sekere persoonlikheidsgebreke openbaar te ver gaan. Hierdie stelling van die applikant wek die indruk dat ek gebuk gaan onder een of ander permanente persoonlikheidsgebrek wat, met eerbied, nie die geval is nie."

[34] Wanneer die applikant in sy funderende verklaring die stelling maak dat "met hierdie optrede het die respondent onberekenbare skade aan die goeie naam van die prokureursberoep berokken en die publiek se vertroue in die beroep geskaad", sê die respondent in haar eedsverklaring dat die opmerking van die applikant "in alle waarskynlikheid 'n cliché is wat die standpunt van die komitees van die applikant wat my optrede ondersoek het, weerspieël, welke standpunt egter nie ondersteun word deur die getuienis wat aangebied is voor genoemde komitees nie". Sy sê weliswaar dat sy hierdie opmerking maak op advies van haar regsadviseurs. In die repliserende verklaring word daar namens die applikant aangevoer, tereg na my mening, dat hierdie opmerkings van die respondent in haar antwoordende verklaring, daarop dui dat sy nie die erns van haar optrede besef nie.

[35] Vir die redes wat ek genoem het, het ek tot die gevolgtrekking geraak dat die respondent nie in alle opsigte oop kaarte met die Hof gespeel het nie.

In die bekende saak van *Prokureursorde van Transvaal v Kleynhans* 1995 1 SA 839 (TPA) word die volgende gesê op 853G-H:

> "Uit die aard van die dissiplinêre verrigtinge vloei voort dat van 'n respondent verwag word om mee te werk en die nodige toeligting te verskaf waar nodig ten einde die volle feite voor die hof te plaas sodat 'n korrekte en regverdige beoordeling van die geval kan plaasvind. Blote

> breë ontkennings, ontwykings en obstruksionisme hoort nie tuis by dissiplinêre verrigtinge nie."

[36] In haar antwoordende eedsverklaring roem die respondent haar daarop dat sy onmiddellik skuld beken het toe sy gekonfronteer is. Alhoewel sy moontlik 'n pluimpie daarvoor verdien, kan ek nie sien hoe sy werklik 'n alternatief kon gehad het in die lig van die verdoemende getuienis waarmee sy gekonfronteer is nie.

[37] Soos ek reeds gesê het, word daar klem gelê deur die respondent en haar regsverteenwoordigers daarop dat haar optrede as 'n "eenmalige gebeurtenis" beskryf kan word. Teen die agtergrond van die ware feite is dit moeilik om hierdie verduideliking te aanvaar. Die feit is dat sy vir etlike maande toegelaat het dat sy valslik as 'n "conveyancer" op die briefhoof beskryf word. Nadat sy die eerste keer gekonfronteer is het sy nie onmiddellik die fout erken nie, maar voortgegaan om die hofbevel te vervals ten einde die ware toedrag van sake te verdoesel.

[38] In haar opponerende verklaring spreek die respondent ook die volgende kritiek uit ten opsigte van die applikant se benadering tot die saak:

> "Ek word deur my regsadviseurs adviseer dat die inhoud van aanhangsel YVZ7 geensins enige aanduiding bevat dat die Raad soos die Dissiplinêre Komitee voor dit, enige van die aangebode versagtende omstandighede enigsins eers oorweeg het, alternatiewelik behoorlik oorweeg het nie. Alle

aanduidings is egter dat die Raad maar slegs blindelings uitvoering verleen het aan een of ander onwrikbare beleid."

Myns insiens openbaar hierdie opmerkings, op sigself, 'n ernstige gebrek aan goeie insig aan die kant van die respondent en 'n gebrek aan begrip vir die funksies en verpligtinge van die applikant as die professionele bestuursliggaam.

Aanhangsel "YVZ7" is 'n oorskrif van die finale verrigtinge wat voor die volle Raad gedien het op 16 Julie 2007 toe die besluit geneem is, en aan die respondent oorgedra is, om hierdie aansoek te loods.

[39] Die prosedure wat deur die applikant gevolg is, is dat die respondent eers voor die Dissiplinêre Komitee gedaag is waar sy skuldig gepleit het op twee klagtes naamlik dat sy valslik haarself voorgedoen het as 'n akte uitmaker en ook dat sy die hofbevel vervals het. Na 'n volledige verhoor het die Dissiplinêre Komitee toe besluit om die saak na die Raad te verwys vir uitsluitsel in terme van reël 101 van die applikant se Reëls.

[40] Die volledige Raad het toe sitting geneem oor die saak op 16 Julie 2007. Volgens die notule was die sitting bygewoon deur die president, twee vise presidente, twaalf lede van die Raad en vier lede van die direktoraat.

Na behoorlike bespreking en besinning, het die Raad toe besluit om hierdie aansoek te loods.

Ek meen dit is vanpas om op hierdie stadium te verwys na geykte gesag wat daarop dui dat die howe as 'n reël groot waarde heg aan die besluite en uitsprake van 'n professionele liggaam wat by statuut aangestel is om die sake van 'n sekere professie te orden. Sien bv *De La Rouviere v SA Medical & Dental Council* 1977 1 SA 85 (NPD) op 97E-H.

[41] Tydens die verrigtinge voor ons, het ons ook die saak (blykbaar tot nog toe ongerapporteer) van *The Law Society of the Cape of Good Hope v Henrietta Peter* [2006] SCA 37 (RSA) waarvan die uitspraak gelewer is op 28 Maart 2006 met die advokate gedebatteer.

Die jong vroulike prokureur wat onder moeilike omstandighede groot geword het, het besluit om op haar eie 'n praktyk te begin. Sy het staatgemaak op ondersteuning van haar vriend wat by 'n vakbond betrokke was. Sy het vasgebrand en kon nie haar praktyk uitgawes en ander onkoste betaal nie. Sy het klein bedrae geld uit verskillende trustrekenings wanaangewend ten einde haar noodsaaklike kostes te dek. Sy het op haar eie opgehou met die verdoeseling van die trustgelde en planne beraam om die gelde terug te betaal. Sy het nie die wanaanwending van die trustgelde met bv vals inskrywings in haar boeke probeer versteek nie. Blykbaar het die Hof die buitengewone druk waaronder sy verkeer

het, haar finansiële nood en ander persoonlike omstandighede in ag geneem en besluit om haar eerder in haar praktyk te skors as om haar van die rol te skrap.

Elke saak moet op sy eie feite beoordeel word.

In *Malan & Another v Law Society, Northern Provinces* 2009 1 SA 216 (SCA) word die volgende gesê op 221D-F, ook met verwysing na die ongerapporteerde saak van *Peter, supra*:

> "<u>0bviously, if a court finds dishonesty, the cirumstances must be exceptional before a court will order a suspension instead of a removal.</u> (Exceptional circumstances were found in *Summerley* and in *Law Society, Cape of Good Hope v Peter* [2006] ZA SCA 37 and the court was able in the formulation of its order in those cases to cater for the problem by requiring that the particular attorney had to satisfy the court in a future application that he or she should be permitted to practice unconditionally.) Where dishonesty has not been established the position is as set out above, namely that a court has to exercise a discretion within the parameters of the facts of the case without any preordained limitations."
>
> (Ek beklemtoon.)

Die verwysing na "Summerley" is die verwysing na die saak van *Summerley v Law Society, Northern Provinces* 2006 5 SA 613 (SCA).

Gevolgtrekking

[42] Die optrede van die respondent was ongewoon, en, na my mening, van 'n buitengewoon ernstige aard. Daar was geen aanvaarbare verduideliking vir haar optrede om bv die hofbevel te vervals eerder as om bloot die beweerde *bona fide* oorsig te erken sodat die saak op daardie manier beredder kon word nie.

[43] Die respondent het haar in verskeie opsigte aan oneerlike gedrag skuldig gemaak.

[44] Die respondent het, in haar opponerende verklaring, ernstige aantygings teen die applikant gemaak en ongefundeerde kritiek teen die applikant uitgespreek. Hierdie houding dui myns insiens op 'n gebrek aan insig.

[45] Ek is van mening dat die respondent haar skuldig gemaak het aan onprofessionele, oneerbare en onbetaamlike gedrag wat onteenseglik daarop dui dat sy nie 'n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie. Die applikant het dus myns insiens 'n behoorlike saak uitgemaak soos bedoel in artikel 22(1)(d) van die Wet.

[46] Wat oorbly is om te besluit of ek my diskresie moet uitoefen ten gunste van 'n bevinding dat die respondent se naam van die rol geskrap moet word alternatiewelik of sy net in haar praktyk geskors moet word. 0nder al die omstandighede is ek van mening dat die oneerlike gedrag van so ernstige aard is

dat 'n gepaste bevel sal wees dat die respondent se naam van die rol geskrap behoort te word.

[47] Aangesien die respondent vir 'n geruime tyd nie meer praktiseer nie is dit onnodig om die gebruiklike volledige bevel te maak wat bv slaan op die beslaglegging van lêers, die aanstelling van 'n kurator, die nagaan van trustrekeninge, ens. Hierdie feit het ons met die applikant se advokaat uitgeklaar tydens die verrigtinge wat voor ons gedien het.

[48] Dit is gepas, en geykte praktyk, dat koste in gevalle van hierdie aard op die skaal soos tussen prokureur en kliënt ten gunste van die 0rde toegestaan word.

Die bevel

[49] Ek maak die volgende bevel:

1. Die naam van die respondent word van die rol van prokureurs van hierdie Hof geskrap.
2. Die respondent word gelas om haar sertifikaat van inskrywing as prokureur aan die Griffier van hierdie agbare Hof te oorhandig.
3. Indien die respondent in gebreke sou bly om binne twee weke na datum van hierdie bevel te voldoen aan die bepalings van 2 hierbo word die Balju vir die distrik waarin die sertifikaat is gemagtig en gelas om besit daarvan te neem en dit aan die Griffier van hierdie Hof af te lewer.

4. Die respondent word gelas om die koste van die aansoek te betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

W R C PRINSLOO
<u>REGTER VAN DIE HOË HOF</u>

Ek stem saam

A A LOUW
<u>REGTER VAN DIE HOË HOF</u>

44223/07

AANGEHOOR OP: 6 MAART 2009
VIR DIE APPLIKANT: L E VAN KERKEN
IN OPDRAG VAN: STEGMANNS INGELYF PRETORIA
VIR DIE RESPONDENT: A BOTHA
IN OPDRAG VAN: STRAUSS-SCHOEMAN INGELYF, PRETORIA